teengewerk. As gevolg van hierdie ontwikkelings is 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans van bykans 2 persent van die bruto binnelandse produk nog steeds in die tweede kwartaal van 1992 aangeteken.

Hierdie oorskot het met 'n netto uitvloeiing van kapitaal van R1,9 miljard gepaardgegaan. Die hernieude groot kapitaaluitvloeiing is hoofsaaklik deur 'n uitvloeiing van korttermynkapitaal as gevolg van politieke onsekerheid en maatskaplike onrus veroorsaak, terwyl die uitvloeiing van langtermynkapitaal tot slegs 'n klein bedrag gekrimp het. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes het derhalwe in die tweede kwartaal van 1992 matig gedaal, ná 'n taamlik aanhoudende stygging sedert 1990. Die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes het nogtans tot 'n vlak wat gelyk is aan die waarde van meer as twee maande se invoer van goedere en dienste aan die einde van Julie 1992 gestyg. Die gesonde posisie van die betalingsbalans in geheel het die instandhouding van 'n betreklik bestendige reële effektiewe wisselkoers van die rand in die eerste sewe maande van 1992 vergemaklik.

Die groeikoerse oor twaalf maande van feitlik al die monetêre totale het sedert die begin van 1992 aansienlik verder verlangsaam en die meeste van die maandelikse groeikoerse van M3 was ruim binne die riglyngrense. 'n Lae vraag na krediet en die betreklik hoë koste van lenings het in die eerste helfte van 1992 tot 'n skerp verlangsaming in die groei van kredietverlening geleid. Die groei in huurkoopkrediet en oortrokke rekeninge het veral aanmerklik verminder, terwyl voorskotte op verbande en bruikhuurfinansiering teen betreklik hoë koerse bly styg het.

In die finansiële markte is die geldmark aanvanklik deur 'n hoë vlak van likwiditeit gekenmerk. Strammer toestande is sedert Mei 1992 ervaar, wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan 'n skerp toename in regeringdeposito's wat aansienlike verkope van staatseffekte weerspieël. Handelsbedrywighede in die kapitaalmark het in die eerste helfte van 1992 min verband met die tempo van bedrywighede in die reële ekonomie getoon. Nuwe rekordvlakke is in die omset van effekte van die openbare sektor en in die verhandeling van afgeleide instrumente aangeteken, terwyl aandelepryse ook tot nuwe rekordvlakke gestyg het. Die voortgesette politieke dooie punt, massa-aksie, die verslegtende ekonomie en die swakker-as-verwagte finansiële resultate van sommige maatskappye het vervolgens 'n indringende invloed op bedrywighede in die kapitaalmark in Julie en Augustus 1992 gehad. Aandelepryse het gedaal, effektepryse het skerp gestyg, hoër handelsbedrywighed het in die algemeen voorgekom, en bedrywighede op die afgeleide markte het verder toegeneem.

Langtermynrentekoerse het in die eerste agt maande van 1992 skerp gedaal en was 'n weerspieëeling van meer optimistiese inflasieverwagtings, 'n daling in kortkoerse, 'n swakker-as-verwagte reële ekonomie en die verlaging van Bankkoers. Die geleidelike daling in rentekoerse op die

geldmark sedert vroeg in 1990 het in die eerste agt maande van 1992 stukrag verkry namate deelnemers in die geldmark oortuig geword het dat die inflasiekoerse sou terugsak en hulle 'n verlaging in Bankkoers verwag het. Aan die einde van Augustus 1992 was die koers op bank-aksepte van drie maande 3,5 persentasiepunte onder die Reserwebank se herverdiskonteringskoers vir hierdie aksepte.

Wat die openbare finansies betref, het die leningsbehoefte van die openbare sektor in die tweede kwartaal van 1992 (of die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93) matig verbeter aangesien besnoeiings en rasionalisasieprogramme van die nie-finansiële openbare ondernemings oorskotfondse tot gevolg gehad het wat as lenings aan ander sektore beskikbaar gestel is. Die leningsbehoefte van die algemene owerheid het egter aanmerklik versleg. Hoewel al die vlakke van die algemene owerheid, met die opmerklike uitsondering van die plaaslike owerhede, vir hierdie toename in die algemene owerheid se leningsbehoefte verantwoordelik was, het die tekort voor lenings op veral die Skatkisrekening skerp toegeneem. Die skatkisinkomste was heelwat onder die bedrag wat begroot is, terwyl skatkisuitrekings op taamlik hoë vlakke gebly het. Die regering se laer belastingontvangste was hoofsaaklik die gevolg van teleurstellende opbrengste op die belasting op toegevoegde waarde en op inkomstebelasting, wat die verdieling van die resessie weerspieël.

Die Minister van Finansies en van Handel en Nywerheid het in 'n verklaring op 3 September 1992 aangedui dat hierdie lae belastinginkomste 'n groter tekort voor lenings op die Begroting vir die fiskale jaar 1992/93 tot gevolg sou hê as wat oorspronklik voorsien is, omdat enige pogings om addisionele inkomste te verkry op hierdie stadium teenproduktief sou wees. Gelukkig wil dit voorkom of die effektemark hierdie groter leningsbehoefte van die regering uit bronne buite die monetêre sektor sal kan finansier sonder om 'n beduidende invloed op die rentekoersbewegings te hê. Die Minister het egter ook daarop gewys dat dit belangrik is om die groei in die verbruiksbesteding van die algemene owerheid te beperk ten gunste van 'n heelwat hoër koers van vaste investering in nuwe produksiekapasiteit, en dat die proses om bestedingsriglyne wat hierdie beginsels bevat, vir die fiskale jaar 1993/94 te bereik, reeds aan die gang is.

Die ekonomiese toestande gedurende die eerste helfte van 1992 is 'n besliste aanduiding dat die kleiner maar nogtans verdere toename in die fisiese omvang van Suid-Afrika se uitvoer nie die invloed van die swak landboutoestande en afnames in die reële private verbruiksbesteding en die reële binnelandse vaste investering sal kan neutraliseer nie. Daar kan dus geredelik voorspel word dat die reële bruto binnelandse produk weer in 1992 sal daal, en dat hierdie koers van afname 1½ persent kan beloop. Dit is egter heelwat moeiliker om te voorspel op watter tydstip 'n laagtepunt in die konjunkturele siklus bereik sal word.

'n Opwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid sal afhang van faktore soos landbouthouerstande in die komende seisoen in die somerreënvalgebied, die omvang van groei in die ekonomiese vervaamste nywerheidslande en in die wêreldhandel, asook van binnelandse politieke ontwikkelings.


Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Die verdieping in die afwaartse beweging van reële ekonomiese bedrywigheid in die eerste helfte van 1992 word duidelik weerspieël deur ontwikkelings in die totale reële binnelandse produk. Nadat dit met $\frac{1}{2}$ persent in 1990 sowel as 1991 afgeneem het, het die reële bruto binnelandse produk in die eerste twee kwartale van 1992 teen jaarkoerse van 2 en $2\frac{1}{2}$ persent verminder. Hierdie skerper afname in die reële bruto toegevoegde waarde was hoofsaaklik die gevolg van die swak landbouthouerstande in 'n groot deel van die land. Met die uitsluiting van die toegevoegde waarde van die landbou, het die reële bruto binnelandse produk van die ander sektore in die tweede kwartaal van 1992 teen 'n jaarkoers van bykans 1 persent gedaal, dit wil sê teen ongeveer dieselfde koers as in die voorafgaande kwartaal en in 1991 in geheel.

Die reële toegevoegde waarde van die *landbousektor* het vanaf positiewe groei teen 'n jaarkoers van 5 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot negatiewe jaarkoerse van 17 persent in die eerste kwartaal van 1992 en 28 persent in die tweede kwartaal verander. Die mislukking van die mielie-oes was hoofsaaklik vir die swakker

Reële bruto binnelandse produk



landbouproduksie verantwoordelik. Die droogte het ook die produksie van die ander oesgewasse en die akkerbou ernstig geknou. Die jongste ramings van die produksie van graansorghum, sonneblomsaad, sojabone en droëbone toon dat dit in die seisoen vir 1991/92 meer as gehalveer sal word.

In teenstelling met hierdie verwikkellings, het die reële toegevoegde waarde van die mynboubedryf voortgegaan om oor die afgelope vier kwartale te styg. Die toename in die reële produk van die mynbou het teen 'n jaarkoers van $\frac{1}{2}$ persent in die derde kwartaal van 1991 tot 1 persent in die vierde kwartaal en tot ongeveer $1\frac{1}{2}$ persent in die eerste twee kwartale van 1992 gestyg. Hierdie styging in die reële toegevoegde waarde van die mynbou was hoofsaaklik die gevolg van 'n ooreenstemmende toename in die goudproduksie. Die reële produksie van die goudmyne was in die tweede kwartaal van 1992 met $2\frac{1}{2}$ persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van 1991 vanweë 'n toename in die hoeveelheid en die goudinhoud van die vergruisde erts. Die produksie van 'n nuwe myn wat in die tweede helfte van 1991 begin produseer het, het 'n toename in die diamantproduksie veroorsaak; dit is deur dalings in die reële toegevoegde waarde van die ander myne teengewerk weens die lae wêreldvraag na grondstowwe.

Die reële toegevoegde waarde van die sekondêre sektore het in die tweede kwartaal van 1992 teen 'n jaarkoers van $2\frac{1}{2}$ persent gedaal; dit was bykans gelyk aan die koers van afname in die eerste kwartaal van 1992 en effens hoër as die gemiddelde afname teen 'n jaarkoers van 2 persent in 1991. Hierdie verdere daling in die produksie van die sekondêre sektore het betreklik wydverspreid voorgekom, en selfs die toegevoegde waarde van die sektor wat elektrisiteit, gas en water voorsien het in die tweede kwartaal van 1992 teen 'n jaarkoers van 2 persent afgeneem. Die reële produksie van die konstruksiebedryf het teen 'n jaarkoers van 9 persent teruggesak, terwyl die koers van afname in die fabrieksproduksie ietwat verminder het vanaf 'n jaarkoers van $2\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1992 tot bykans 2 persent in die tweede kwartaal. Al hierdie sekondêre sektore was derhalwe ernstig benadeel deur die daling in die reële binnelandse vraag en die traie groei in wêreldproduksie. Polities-gemotiveerde werkeroptredre soos massa-demonstrasies, wegblý-aksies, stakings en sporadiese geweld, sowel as 'n groot aantal openbare vakansiedae, het in die tweede kwartaal van 1992 'n daling in produksie tot gevolg gehad.

Die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektore wat tot in die derde kwartaal van 1991 'n duidelik, ofskoon matig, stygende neiging in die huidige resessie getoon het, het van die vierde kwartaal begin om effens teen jaarkoerse van minder as $\frac{1}{2}$ persent af te neem. Hierdie afname was egter hoofsaaklik tot 'n daling in die reële toegevoegde waarde van die handel beperk, terwyl matige toenames steeds in die reële produksie van die vervoer, die finansies en die algemene owerheid aangeteken is. Die reële toegevoegde waarde van die



handel wat sedert die begin van 1991 begin daal het, het in die eerste twee kwartale van 1992 verder verminder teen jaarkoerse van ongeveer $2\frac{1}{2}$ persent. Die koerse van toename in die toegevoegde waarde van die ander tersiêre sektore het tussen $\frac{1}{2}$ en 1 persent gewissel.

Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding wat die ernstige resessietoestande in die ekonomie weerspieël het, het sedert die tweede kwartaal van 1988 'n dalende neiging getoon. Hoofsaaklik as gevolg van 'n onbeplante opbouwing van voorrade het die reële binnelandse besteding in die eerste kwartaal van 1992 teen 'n jaarkoers van 8 persent gestyg. Hierdie onvoorsiene toename in die binnelandse besteding is in die tweede kwartaal van 1992 weer omgekeer toe die totale besteding teen 'n jaarkoers van $6\frac{1}{2}$ persent gedaal het.

Die daling in die totale reële bruto binnelandse besteding in die tweede kwartaal van 1992 het voortgevloeи uit verdere afnames in die reële private verbruiksbesteding en die reële bruto binnelandse vaste investering en die ommeswaai in die opbou van voorrade in die voorafgaande kwartaal. Die verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het weer toegeneem, ofskoon teen 'n laer koers van $2\frac{1}{2}$ persent, vergeleke met

Reële bruto binnelandse besteding




veranderings van kwartaal tot kwartaal teen jaarkoerse van 4 persent en 3 persent in die vierde kwartaal van 1991 en die eerste kwartaal van 1992. Die reële besteding op intermediêre goedere en dienste deur die algemene owerheid het voortgegaan om skerp te styg, maar die koers van toename in die reële arbeidsvergoeding van staatsamptenare het van 'n jaarkoers van 4½ persent in die eerste kwartaal van 1991 tot ongeveer ½ persent in die tweede kwartaal van 1992 teruggesak.

Die reële *private verbruiksbesteding* wat in die tweede kwartaal van 1991 begin daal het, het weer in die tweede kwartaal van 1992 afgeneem. Die koers van afname in die reële verbruiksbesteding deur huishoudings het in die tweede kwartaal van 1992 teen 'n jaarkoers van sowat 3 persent beloop; dit was effens minder as die hersiene geraamde afname van 3½ persent in die eerste kwartaal van 1992 en het die totale daling in die reële besteding aan verbruikersgoedere en dienste vir die jaar tot Junie 1992 op ongeveer 2 persent te staan gebring. Die uitbreiding in die verbruiksbesteding van huishoudings is beperk deur faktore soos 'n daling in die reële persoonlike beskikbare inkomte, die toename in die getal werkloses, 'n algemene onsekerheid oor werkgeleenthede, die swaar las van bestaande verbruikerskuld en 'n afname in die netto vermoë van huishoudings.

Veral die reële private verbruiksbesteding aan *duursame verbruikersgoedere* het in die tweede kwartaal van 1992 voortgegaan om vinnig te daal. Die reële besteding aan duursame verbruikersgoedere het in hierdie kwartaal teen 'n jaarkoers van 8 persent verminder, vergeleke met afnames van 10½ persent in die eerste kwartaal van 1992 en bykans 15 persent in die vierde kwartaal van 1991. Hierdie daling het plaasgevind ten spyte van 'n verlaging in die finansieringskoste van krediettransaksies deur huishoudings en die onlangse wysigings van die Wet op Kredietoordeekomste wat

Reële duursame verbruiksbesteding




ingestel is met die uitdruklike bedoeling om die sukkelende motorbedryf tot hulp te wees. Hierdie wysigings behels 'n verlaging van die minimum depositovereiste van 15 tot 10 persent vir die aankoop van 'n nuwe motor en die verlenging van die terugbetalingstydperk van 42 maande tot 54 maande.

Die reële verbruiksbesteding aan *nie-duursame goedere en dienste* het ook steeds gedaal. Die koers van afname in die aankope van nie-duursame verbruikersgoedere (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) het boonop skerp versnel van 1½ persent in die tweede kwartaal van 1991 tot 3½ persent in die eerste kwartaal van 1992 en tot soveel as 4½ persent in die tweede kwartaal. In teenstelling met hierdie verwikkelinge het die reële besteding aan *semi-duursame goedere* in sowel die eerste as in die tweede kwartaal van 1992 teen 'n jaarkoers van ½ persent gestyg. Die ommeswaai in hierdie soort verbruiksbesteding was waarskynlik veroorsaak deur die meer aggressiewe bemarking van die klerasie- en skoeiselbedryf en die beskikbaarheid van goedkoper ingevoerde goedere.

Die koers van afname in die totale reële *bruto binne-landse vaste investering* het in die tweede kwartaal van 1992 effens tot 'n geraamde jaarkoers van ongeveer 4 persent verlangsaam; die reële vaste investering het in die eerste kwartaal van 1992 teen 'n jaarkoers van 6½

Vaste investering as persentasie van bruto binnelandse produk



persent (hersiene gegewens) en in die jaar 1991 met 8½ persent afgeneem. Vanaf 'n hoogtepunt in die vierde kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1992 het die reële bruto vaste kapitaalvorming met bykans 19 persent gedaal. Vaste investering het as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk oor dieselfde tydperk van 'n hoogtepunt van 21 persent tot slegs 16½ persent gedaal. Indien waardevermindering in berekening gebring word, het die netto vaste investering as persentasie van die bruto binnelandse produk van 'n vlak van 4½ persent in die vierde kwartaal van 1989, wat reeds laag was, tot slegs 1 persent in die tweede kwartaal van 1992 verminder. Die produksievermoë van die ekonomie bly dus tans omtrent onveranderd; by verre die groter deel van die vaste investeringsbesteding word aangewend om bestaande bates te vervang. Hierdie lae verhouding van netto investering kan vergelyk word met gemiddelde verhoudings van 14½ persent in die sewentigerjare en 8 persent in die tagtigerjare.

Soos uit die bygaande tabel blyk, het die afname in die vaste investering sedert die begin van 1990 in al die belangrikste institusionele sektore voorgekom. Die koers van afname in die investering deur die *openbare sektor* (openbare korporasies en openbare owerhede) was egter aansienlik groter as die koers van afname in die investering van die *private sektor*; dit toon duidelik die daling in die besteding aan die ontwikkeling van die infrastruktuur van die land, en die bestaande oorskot produksievermoë van sommige van die openbare nutsmaatskappye.

Afname in die reële bruto binnelandse vaste investering van die vierde kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1992


%

Private sektor	-9%
Openbare korporasies.....	-52%
Openbare owerhede	-22
Totale vaste investering.....	-19

In die tweede kwartaal van 1992 het die vaste investering deur die openbare korporasies ietwat van 'n baie laevlak toegeneem, terwyl die vaste investering deur die openbare owerhede voortgegaan het om afwaarts te neig. Afnames in die reële uitgawes aan kapitaalbesteding deur Transnet, Telkom en die Suid-Afrikaanse Poskantoor in laasgenoemde sektor het 'n matige toename in die kapitaalbesteding deur die algemene owerheid oortref.

Die reële vaste investering in die *private sektor* het in die tweede kwartaal van 1992 verder teen 'n jaarkoers van bykans 2 persent afgeneem; in die voorafgaande vier kwartale was die koers van afname in hierdie soort besteding effens meer en het dit tussen 2 en 3 persent gewissel. Afgesien van die mynbousektor, het die reële vaste kapitaalvorming van al die ander ekonomiese

Verandering in reële voorrade




sektore gedaal. Aansienlike dalings is in die investeringsbesteding van die landbou en die fabriekswese aangeteken. Ten spyte van die algemene swak toestand waarin die mynbousektor verkeer, het die kapitaaluitgawes op 'n aantal groot mynbouprojekte veroorsaak dat die reële kapitaalvorming van hierdie sektor in die tweede kwartaal van 1992 teen 'n jaarkoers van 2½ persent gestyg het.

Die afname van voorrade in die tweede kwartaal van 1992 was hoofsaaklik die gevolg van 'n voorraadafbouing in die private fabriekswese en die groothandel. Dit het die verhouding van nywerheids- en handelsvoorraade tot die bruto binnelandse produk op 'n vlak van 18 persent te staan gebring, vergeleke met ongeveer 18½ persent in 1991. Toenames is egter aangeteken in die reële voorraadvlakte van die mynbousektor en in die landbouvoorraade in die handel. Laasgenoemde toename het hoofsaaklik voortgevloeи uit die vroeë insameling van die huidige mielie-oes en die opberging van ingevoerde mielies. Ondanks hierdie toenames, het die verhouding van voorrade (uitgesluit die strategiese voorrade en die veestapel) tot die bruto binnelandse produk verder tot 23½ persent in die tweede kwartaal van 1992 verswak, wat aansienlik laer was as die verhouding van 29 persent in die tweede kwartaal van 1989 – met ander woorde aan die begin van die huidige afwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid.

Faktorinkome en binnelandse besparing

Die groei oor 'n tydperk van twaalf maande in die totale nominale faktorinkome het in die tweede kwartaal van 1992 voortgegaan om tot 10½ persent te verlangsaam; in die eerste kwartaal van 1992 het dit 12 persent bedra. Hierdie daling was gedeeltelik die gevolg van 'n afname in die koers van toename oor twaalf maande in die totale nominale arbeidsvergoeding van 13½ persent in die eerste kwartaal van 1992 tot 12½ persent in die tweede

Bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding



kwartaal. Boonop het die groei in die bruto bedryfsurplus oor twaalf maande ook van 12½ persent in die eerste kwartaal van 1992 tot 10 persent in die tweede kwartaal verlangsaam.


Die verhouding van die bruto *binnelandse besparing* tot die bruto binnelandse produk het van 18½ persent in die eerste kwartaal van 1992 en ongeveer 19 persent in die kalenderjaar 1991 tot 18 persent in die tweede kwartaal van 1992 verswak. Hierdie lae vlak van bruto binnelandse besparing weerspieël die voortgesette netto ontsparing deur die algemene owerheid vanweé 'n volgehoue hoë vlak van lopende besteding van die owerheid en 'n laer-as-verwagte owerheidsinkomste. Netto besparing deur die maatskappysektor het ook gedaal omdat dividendbetalings te midde van dalende maatskappywinste gehandhaaf is.

Netto besparing deur huishoudings het effens verbeter en die verhouding van die persoonlike besparing tot die persoonlike beskikbare inkomse het van 'n gemiddelde van 2 persent in 1991 tot 3 persent in die eerste helfte van 1992 verstewig. Dit kan toegeskryf word aan 'n merkbare afname in die reële verbruiksbesteding deur huishoudings wat die afname in die totale reële persoonlike beskikbare inkomse oorskry het.

Werkverskaffing

Die totale werkverskaffing in die sektore van die formele ekonomie buite die landbou het sterk gereageer op die konjunkturele afwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid en het met 0,5 en 2,0 persent onderskeidelik in 1990 en 1991 gedaal. Hierdie afname

Werkverskaffing in nie-landbousektore



het in die derde kwartaal van 1989 begin en het tot 2,5 persent (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) in die tweede kwartaal van 1991 versnel voordat dit matig tot 1,1 persent in die derde kwartaal verlangsaam het. Groot toenames in die werkverskaffing deur die openbare owerhede in die vierde kwartaal van 1991 het toe veroorsaak dat die totale werkverskaffing buite die landbou teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,9 persent toegeneem het. Die totale werkverskaffing het in die eerste kwartaal van 1992 weer aanmerklik met 3,9 persent afgeneem – die hoogste kwartaallikse koers van afname in die huidige afwaartse beweging.

Die uitwerking van die laer vlak van ekonomiese bedrywigheid op die werkverskaffing is hoofsaaklik in die *private sektor* van die ekonomie buite die landbou ondervind. Die totale werkverskaffing deur private ondernemings het met 0,7 en 3,4 persent in 1990 en 1991 gedaal. Die koers van afname van kwartaal tot kwartaal het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,4 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot 'n hoogtepunt van 5,2 persent in die eerste kwartaal van 1991 versnel; daarna het dit tot slegs 0,1 persent in die vierde kwartaal verlangsaam. 'n Groot getal afdankings in die mynwese, die fabriekswese, die konstruksiebedryf en die kleinhandel het daarna veroorsaak dat die koers van afname in die werkverskaffing deur die private sektor

betekenisvol tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 4,6 persent in die eerste kwartaal van 1992 versnel het. Voorlopige inligting vir die tweede kwartaal toon 'n verdere afname in die werkverskaffing in die fabriekswese, die konstruksiebedryf en in die elektrisiteitsopwekking.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die werkverskaffing deur die *openbare owerhede* teen koers van 0,1 persent in 1990 en 1,6 persent in 1991 toegeneem. Op 'n kwartaalklike grondslag beskou is die afnames in die arbeidsmag van hierdie sektor in sommige kwartale deur toenames in die daaropvolgende kwartale gevolg. Onlangs is die koers van toename van kwartaal tot kwartaal (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) van 0,6 en 3,3 persent in die laaste twee kwartale van 1991 deur 'n daling in die werkverskaffing van 2,1 persent in die eerste kwartaal van 1992 gevolg.

Soos verwag kon word, het die seisoensaangesuiwerde totale getal geregisteerde werkloses in ooreenstemming met die dalende vlak van formele werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou toegeneem. Die gemiddelde vlak van werkloosheid in 1991 was 10,4 persent hoër as in die tweede helfte van 1990, en die gemiddelde vir die eerste drie maande van 1992 was 14,3 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1991.


Arbeidskoste en produktiwiteit

Ten spyte van 'n verlies van ongeveer 200 000 werkgeleenthede sedert die begin van die afwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid tot in die eerste kwartaal van 1992, het die koers van toename in die *nominale salarisse en lone per werker* in die sektore van die ekonomie buite die landbou slegs matig van 18,0 persent in 1989 tot 'n steeds hoë vlak van 15,8 persent in 1991 afgeneem. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker het steeds nie minder nie as 15,7 persent in die eerste kwartaal van 1992 beloop.

Gedurende hierdie tydperk was die toenames wat in die nominale vergoeding per werker in diens van die *openbare owerhede* aangeteken is, aanhouwend hoër as dié van werkers in die private sektor. Van die eerste kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1991 het die nominale salarisse en lone per werker in diens van die openbare owerhede oor die algemeen teen koers van digby en soms selfs hoër as 20 persent toegeneem; daarna het die koers van toenames in 1991 aansienlik verlangsaam. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale salarisse en lone per werker in diens van die openbare owerhede het derhalwe van 'n hoogtepunt van 21,9 persent in 1989 tot 17,3 persent in 1991 afgeneem. In die eerste kwartaal van 1992 was die vergoeding per werker in diens van die openbare owerhede 16,2 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van 1991.

Die koers van toename in die nominale salarisse en lone per werker in die *private sektor* van die ekonomie buite die landbou het van 1988 tot 1990 tussen 16 en 17 persent gewissel, maar het daarna betekenisvol tot 14,8

Nominale vergoeding per werker in nie-landbousektore




percent in 1991 afgeneem. In die eerste kwartaal van 1992 het dit weer versnel tot 'n koers oor vier kwartale van 15,4 persent, vanaf 13,8 persent in die vierde kwartaal van 1991. Beskikbare inligting vir die tweede kwartaal dui op 'n verlangsaaming in die toenames van die lone in die fabriekswese, die konstruksiebedryf en die elektrisiteitsopwekking.

Die stadiger groei in die nominale salarisse en lone per werker was hoofsaaklik verantwoordelik vir 'n afname in die koers van toename in die *reële loon* per werker (soos gedefleer met die deflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) van 2,3 persent in 1989 tot 1,2 persent in 1991 en tot 'n koers oor vier kwartale van 1,7 persent in die eerste kwartaal van 1992. Desnieteenstaande het die reële loon per werker voortgegaan om te styg in 'n tydperk van stadige ekonomiese groei met 'n aansienlike afname in werkverskaffing; dit dui op 'n ernstige struktuurprobleem in die Suid-Afrikaanse ekonomie wat bydra tot die hardnekkige hoë prysinflasie.

Terselfdertyd het die koers van toename in die *reële arbeidsproduktiwiteit* in die sektore buite die landbou skerp afgeneem van 2,3 persent in 1988 tot 0,4 persent in 1990, voordat dit weer matig tot 1,3 persent in 1991 gestyg het. Hierdie stygging in produktiwiteit het reeds in die derde kwartaal van 1990 begin en die koers van toename oor vier kwartale in die reële produksie per werker het van 1,2 persent in daardie kwartaal tot 1,9 persent in die tweede kwartaal van 1991 versnel; daarna het dit tot 0,3 persent in die vierde kwartaal van 1991 verlangsaam voordat dit weer tot 1,0 persent in die

Reële arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



eerste kwartaal van 1992 versnel het.

Die vinnige toenames in die nominale salarisse en lone per werker gepaardgaande met die betreklik swak prestasie van die arbeidsproduktiwiteit, het tot hoë koerse van toename in die *nominale arbeidseenheidskoste* geleid. Die koers van toename in die nominale arbeidskoste per eenheid van fisiese produksie het nietemin afgeneem van 17,1 persent in 1989 tot 16,5 persent in 1990 en meer opmerklik tot 14,4 persent in 1991. In die eerste kwartaal van 1992 was die nominale arbeidseenheidskoste 14,7 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van 1991.

Die koers van toename in die *reële arbeidseenheidskoste* (soos gedefleer met die deflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) het van 1,4 persent in 1989 tot 1,2 persent in 1990 afgeneem. In 1991 het die reële arbeidskoste per eenheid van fisiese produksie met 0,1 persent gedaal. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële arbeidseenheidskoste het aansienlik afgeneem van 3,2 persent in die tweede kwartaal van 1990 tot 1,5 persent in die eerste kwartaal van 1991. Die reële arbeidskoste per eenheid van fisiese produksie het daarna met 2,0 persent in die tweede kwartaal van 1991 gedaal voordat dit weer in die daaropvolgende drie kwartale gestyg het, ofskoon teen lae koerse van 0,2, 0,1 en 0,7 persent.

Pryse

Soos in meer besonderhede in die Reserwebank se *Jaarlkse Ekonomiese Verslag* van 1992 bespreek is, het verskeie faktore die bereiking van laer prysinflasie belemmer. Van die belangriker faktore in die eerste helfte van 1992 was die uitwerking van die ernstige droogte op voedselprysse, volgehoue hoë stygings in die nominale arbeidseenheidskoste en verwagtings van voortgesette hoë inflasie. Statistiese faktore soos die

uitwerking van die belasting op toegevoegde waarde wat in Oktober 1991 ingestel is en die toepassing van nuwe gewigte in die berekening van die verbruikersprysindeks in Augustus 1991, het ook die amptelike gepubliseerde koers van toename in die verbruikersprysindeks beïnvloed.


Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van ingevoerde goedere het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 10,9 persent in die derde kwartaal van 1991 tot 'n negatiewe koers van 0,7 persent in die eerste kwartaal van 1992 afgeneem; daarna het dit weer tot 9,6 persent in die tweede kwartaal versnel. In die eerste helfte van 1992 het die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die prys van ingevoerde goedere van negatiewe koerse van 1,9 en 0,9 persent in Januarie en Februarie tot 'n positiewe koers van 5,9 persent in Mei en Junie gestyg. Hierdie koerse wat oor tydperke van twaalf maande gemeet word, was hoofsaaklik beïnvloed deur die lae koerse van toename wat 'n jaar tevore na die stryd in die Midde-Ooste aangeteken is.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van binnelands geproduseerde goedere het ook van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 12,0 persent in die derde kwartaal van 1991 tot 3,7 persent in die eerste kwartaal van 1992 afgeneem en het daarna weer tot 12,3 persent in die tweede kwartaal gestyg. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die prys van binnelands geproduseerde goedere het hoofsaaklik as gevolg van die uitwerking van die droogte van 'n jongste laagtepunt van 8,5 persent in Februarie 1992 tot 10,1 persent in Junie versnel. Die swak landboutostande het veroorsaak dat die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die produksiepryse van onverwerkte voedsel gestyg het van 9,7 persent in Februarie 1992 tot 22,9 persent in Junie, en die koers van toename in die prys van verwerkte voedsel van 9,2 tot 11,2 persent oor dieselfde tydperk.

As gevolg van hierdie bewegings in sy hoofkomponente het die toename van kwartaal tot kwartaal in die *omvattende produksieprysindeks* van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 12,5 persent in die derde kwartaal van 1991 tot 3,2 persent in die eerste kwartaal van 1992 gedaal; dit het daarna weer tot 11,4 persent in die tweede kwartaal gestyg. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die *omvattende produksieprysindeks* het van 'n hoogtepunt van 14,6 persent in November 1990 tot 6,7 persent in beide Januarie en Februarie 1992 afgeneem, voordat dit weer tot 9,2 persent in Junie 1992 gestyg het.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die *omvattende verbruikersprysindeks* het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 18,8 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 12,8 persent in beide die eerste en tweede kwartaal van 1992 afgeneem. Hierdie laer koers van toename was teweeggebring deur laer koerse van toename in die prys van verbruikersgoedere en -dienste. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die

Verbruikerspryse



pryse van verbruikersgoedere het afgeneem van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 21,1 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 14,8 persent in die tweede kwartaal van 1992, terwyl die ooreenstemmende koers van toename in die prys van verbruikersdienste van 16,6 persent tot slegs 9,3 persent oor dieselfde tydperk gedaal het.


Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die omvattende verbruikersprysindeks het van sy jongste hoogtepunt van 16,8 persent in Oktober 1991 tot 14,8 persent in Mei 1992 afgeneem, ietwat gestyg tot 15,1 persent in Junie en weer tot 14,6 persent in Julie gedaal. Hierdie onlangse veranderings in die omvattende verbruikersprysindeks was ook deur die hoeë en versnellende toenames in die prys van voedsel beïnvloed. Indien voedsel en nie-alkoholiese drank van die verteenwoordigende mandjie van verbruikersgoedere en -dienste uitgesluit word, het die verbruikersprysinflasie oor tydperke van twaalf maande van 'n hoogtepunt van 15,4 persent in Julie 1991 tot slegs 11,8 persent in Junie 1992 en tot 11,0 persent in Julie teruggesak.

Betalingsbalans


Lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef), wat van 'n kwartaallikse gemiddelde bedrag van R11 miljard in die tweede helfte van 1991 tot R4,5 miljard in die eerste kwartaal van 1992 verswak het, het in die tweede kwartaal van 1992 weer effens tot R6,0 miljard gestyg. As 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, het die oorskot op die lopende rekening 1,9 persent in die tweede kwartaal beloop, teenoor 2,5 persent in 1991 en 4,3 persent wat in 1986 aangeteken is – dit wil sê gedurende die gevorderde stadium van die vorige afwaartse beweging in die konjunktuurgolf. Die

Betalingsbalans: Lopende rekening



Reële goedere-uitvoer as persentasie van bruto binnelandse produk



toename in die oorskot van die eerste tot die tweede kwartaal van 1992 was die resultaat van hoër goedere-uitvoer en laer betalings vir dienste en oordragte aan nie-inwoners wat 'n aansienlike daling in die netto gouduitvoer meer as geneutraliseer het.

Die waarde van die *goedere-uitvoer* (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) het van R47,6 miljard in die eerste kwartaal van 1992 tot R49,4 miljard in die tweede kwartaal gestyg. Hierdie toename was gedeeltelik die gevolg van hoër uitvoerprysse van 2½ persent wat deur 'n toename in internasionale grondstofpryse bevoordeel is. Pryse op internasionale grondstofmarkte wat van die middel van 1988 skerp afgeneem het, het vroeg in 1992 begin styg en was in die tweede kwartaal 3 persent bô die gemiddelde vlak van die eerste kwartaal van 1992. Die styging in die waarde

van uitvoer was egter ook te wyte aan 'n toename van 1½ persent in die hoeveelhede van die goedere wat uitgevoer is. Die styging in die hoeveelhede was 'n weerspieëling van 'n goeie uitvoerprestasie deur vervaardigde produkte (veral chemiese produkte, masjinerie en elektriese toerusting en vervoertoerusting) sowel as deur sommige mynbouprodukte. Die uitvoer van landbouprodukte het ook op 'n hoëvlak gebly vanweë verhoogde vrugte- en wynuitvoer.

Hoewel die groei in die hoeveelhede van die goedere-uitvoer vanaf die begin van 1991 aansienlik stadiger plaasgevind het, het die verhouding van die reële uitvoer tot die reële bruto binnelandse produk tot baie hoë vlakke bly toeneem. Nadat die fisiese omvang van die uitvoer as 'n persentasie van die reële bruto binnelande produk 'n laagtepunt van slegs 13 persent in 1983 bereik het, het dit tot vlakke van 22 persent in 1990, 23 persent in 1991 en 24 persent in die eerste helfte van 1992 gestyg. Die vlak van hierdie verhoudings kan vergelyk word met gemiddeldes van 12 en 14 persent in die sestiger- en sewentigerjare. Die laer groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die tagtigerjare het ten spye van sanksies en handelsboikkotte derhalwe met 'n toenemend hoër verhouding van die goedere-uitvoer gepaardgegaan. Hierdie styging in die hoeveelhede van die uitvoer het voorkom dat die binnelandse produksie selfs verder gedaal het (die toename in die uitvoer kon ook waarskynlik gedeeltelik aan lae ekonomiese groei toegeskryf word), en het die land in staat gestel om 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans te handhaaf wat nodig was om buitelandse skuld terug te betaal.

Die waarde van die *netto gouduitvoer* wat van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R21,2 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot R18,1 miljard in die eerste kwartaal van 1992 gedaal het, het verder tot R16,0 miljard in die tweede kwartaal gekrimp. Hierdie jongste skerp afname was 'n kombinasie van dalings in sowel prysse as in hoeveelhede. Die gemiddelde

Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1991				1992		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw
Goedere-uitvoer	41,8	45,9	48,6	47,3	45,9	47,6	49,4
Netto gouduitvoer	17,3	20,0	20,1	21,2	19,6	18,1	16,0
Goedere-invoer	-47,5	-50,2	-49,1	-45,9	-48,2	-50,5	-49,1
Netto dienste- en oordragbetalings	-10,1	-9,5	-9,9	-10,3	-9,9	-10,7	-10,3
Saldo op lopende rekening.....	1,5	6,2	9,7	12,3	7,4	4,5	6,0

vasstellingsprys van goud het van VSA\$351 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1992 tot \$339 in die tweede kwartaal, of van R992 tot R963 per fyn ons gedaal. Teen die einde van Julie het die goudprys vir 'n kort tydstip tot bykans \$360 per fyn ons gestyg uit vrees dat die Suid-Afrikaanse goudproduksie moontlik as gevolg van stakings en massa-aksies sou daal. Toe dit duidelik geword het dat die goudproduksie nie ernstig benadeel sou word nie, het die goudprys weer tot \$340 per fyn ons op 31 Augustus afgeneem.

Nadat die goedere-invoer 'n rekordwaarde van R50,5 miljard (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) in die eerste kwartaal van 1992 bereik het, het dit matig tot R49,1 miljard in die tweede kwartaal gedaal. Hierdie vlak was nogtans steeds 2 persent hoër as die kwartaallikse gemiddelde in 1991. Die invoer van landbouprodukte vanweë die droogte was hoofsaaklik vir die hoë invoerhoeveelheid in die tweede kwartaal van 1992 verantwoordelik. Die seisoensaangesuiwerde waarde van landbouprodukte (hoofsaaklik mielies) teen 'n jaarkoers gereken het meer as verdubbel van R1,1 miljard in 1991 tot R2,4 miljard in die tweede kwartaal van 1992.


Hoofsaaklik as 'n weerspieëling van hoë oliepryse het invoerpryse ná 'n daling van 1 persent in die eerste kwartaal met 1½ persent in die tweede kwartaal van 1992 gestyg. 'n Daling van 1 persent in die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand van die eerste tot die tweede kwartaal het ook tot hierdie styging in invoerpryse bygedra. Invoerpryse was egter in die tweede kwartaal slegs 4 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van 1991. Hierdie laer koers van toename as in die prys van plaaslik vervaardigde goedere kon in 'n mate verklaar waarom plaaslike goedere deur ingevoerde goedere vervang is.

Netto betalings vir dienste en oordragte aan nie-inwoners het marginaal van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R10,7 miljard in die eerste kwartaal van 1992 tot R10,3 miljard in die tweede kwartaal gedaal. Hierdie daling was die resultaat van 'n afname van R1,4 miljard in betalings vir dienste wat 'n daling van R1,0 miljard in ontvangste vir dienste oorskry het. Hoë betalings vir vrag en versekering op goedere in die tweede kwartaal is ten volle geneutraliseer deur laer rente- en dividendbetalings aan nie-inwoners, terwyl laer rente en dividende wat in die tweede kwartaal op buitelandse beleggings ontvang is, 'n daling in ontvangste vir dienste van die res van die wêreld veroorsaak het.

Kapitaalrekening

Die totale netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie wat van R4,7 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot slegs R21 miljoen in die eerste kwartaal van 1992 gedaal het, het weer in die tweede kwartaal tot R1,9 miljard gestyg. Hierdie hernieuwe groot kapitaaluitvloeiing was hoofsaaklik te wye aan 'n groot uitvloeiing van korttermynfondse; die uitvloeiing van langtermynkapitaal het tot slegs 'n klein bedrag gedaal.

Kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie as persentasie van bruto binnelandse produk



Die netto uitvloeiing van *langtermynkapitaal* het oor die twaalf maande tot Junie 1992 aansienlik verbeter. Grotendeels as 'n weerspieëling van lenings wat op internasionale kapitaalmarkte aangegaan is, het die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal van R1,4 miljard in die derde kwartaal van 1991 tot R0,3 miljard in die eerste kwartaal van 1992 en tot slegs R37 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem. Die opbrengste van leningsuitgiftes op die Europese kapitaalmark van Telkom, Eskom en die Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie ten bedrae van R0,8 miljard was in die tweede kwartaal van 1992 hoofsaaklik vir die verdere invloeiing van kapitaal na die openbare sektor verantwoordelik. Dit het die netto invloeiing van langtermynkapitaal na die openbare sektor in die eerste helfte van 1992 op R1,8 miljard te staan gebring, teenoor 'n invloeiing van R0,2 miljard in 1991 in geheel. Die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal van die private sektor het van die hoë syfer van R1,3 miljard in die eerste kwartaal van 1992 tot R0,9 miljard in die tweede kwartaal gedaal. Hierdie uitvloeiing was verteenwoordigend van buitelandse skulddelgings, 'n toename in langtermynbates wat met die uitvoerhandel verband gehou het en netto verkope deur nie-inwoners van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is (hierdie verkope word op 'n bruto basis aangeteken en verteenwoordig nie 'n verlies aan buitelandse reserwes nie; hul teenhangers word as invloeiings teenoor ander komponente van die kapitaalrekening aangedui).

Korttermynkapitaal (met die uitsluiting van laste verwant aan reserwes maar met inbegrip van onaangetekende transaksies) het van 'n klein netto invloeiing


Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1991				1992		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw
Langtermynkapitaal							
Openbare owerhede	-167	116	-398	346	-103	941	303
Openbare korporasies	188	345	-183	-20	330	55	540
Private sektor.....	-604	-787	-774	-768	-2 933	-1 283	-880
Totale langtermynkapitaal.....	-583	-326	-1 355	-442	-2 706	-287	-37
Korttermynkapitaal, insluitende onaange- tekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes	1 362	-1 748	1 258	-4 217	-3 345	266	-1 819
Totale kapitaalbewegings, uitsluitende laste verwant aan reserwes	779	-2074	-97	-4 659	-6 051	-21	-1 856

van kapitaal van R0,3 miljard in die eerste kwartaal van 1992 tot 'n netto uitvloeiing van kapitaal ten bedrae van R1,8 miljard in die tweede kwartaal verander. Hierdie redelike groot uitvloeiing van korttermynfondse het waarskynlik teen die einde van die tweede kwartaal voorgekom en kan aan die hernieuwe politieke onsekerhede en maatskaplike onrus toegeskryf word.

Bruto goud- en ander buitelandse reserwes



Voorlopige aanduidings is dat hierdie uitvloeiing van korttermynkapitaal weer in Julie 1992 tot 'n invloeiing verander het.

Buitelandse reserwes


Die netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het in die tweede kwartaal van 1992 die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans oorskry, met die gevolg dat Suid-Afrika se totale *netto goud- en ander buitelandse reserwes* met R0,5 miljard afgeneem het. Gedurende die eerste helfte van 1992 het die totale netto reserwes egter steeds met R1,5 miljard gestyg, nadat dit met R1,4 miljard gedurende 1991 in geheel toegeneem het.

Suid-Afrika se *totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes* het in die tweede kwartaal van 1992 met R266 miljoen gestyg en die vlak van die bruto reserwes tot R11,8 miljard aan die einde van die kwartaal opgestoot. Gedurende die daaropvolgende twee maande het die bruto reserwes van die Reserwebank verder met R1,4 miljard tot 'n vlak van R11,5 miljard aan die einde van Augustus gestyg. Die goudreserwes van die Reserwebank het aan die einde van daardie maand 6,7 miljoen fyn onse beloop, hoër as die 6,4 miljoen fyn onse aan die einde van Desember 1991 en as die laagtepunt van 3,1 miljoen fyn onse aan die einde van 1989.

Wisselkoerse

Besorgdheid oor ontwikkelings in die wêreld se belangrikste ekonomiese het *onbestendige finansiële markte* gedurende die eerste agt maande van 1992 tot gevolg gehad. Die rentekoersverskil tussen die Verenigde State en Duitsland het verder vergroot toe die

Wisselkoerse



Amerikaanse diskontokoers vroeg in Julie 1992 tot sy laagstevlak sedert 1963 verlaag is en die Bundesbank sy diskontokoers op 20 Julie tot sy hoogstevlak sedert die dertigerjare verhoog het. Hierdie groot rentekoersverskil en die betreklik lae ekonomiese groei in baie nywerheidslande het veroorsaak dat die dollar sy afwaartse neiging, wat in die tweede kwartaal van 1992 begin is, voortgesit het. Ten spyte van inmenging deur sentrale banke, het die dollar 'n historiese laagtepunt van DM1,4063 op 26 Augustus 1992 bereik.

As gevolg van die swak vertoning van die dollar het die rand van die begin van die tweede kwartaal teenoor die dollar geappresieer, maar teenoor al die ander

belangrikste geldeenheide gedepresieer. In die tydperk 20 Maart 1992 tot 20 Julie 1992 het die rand met meer as 6 persent tot R2,72 teenoor die dollar geappresieer – die hoogstevlak teenoor die VSA-geldeenheid sedert 17 April 1991. Dit het daarna weer matig tot R2,74 per dollar op 31 Augustus 1992 gedepresieer. Historiese laagtepunte is egter in die wisselkoerse van die rand teenoor die ander belangrikste geldeenheide aangeteken.

Die netto resultaat van hierdie bewegings in die wisselkoerse van die rand was dat die *nominaal effektiewe wisselkoers* van die rand in die tweede kwartaal van 1992 met slegs 0,4 persent en 'n verdere 1,6 persent tot aan die einde van Augustus 1992 gedaal het. Dit het die totale daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand sedert die begin van 1992 op 2,7 persent te staan gebring. Die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand het ook betreklik bestendig gebly. In Julie 1992 was die reële effektiewe wisselkoers van die rand slegs 0,9 persent bôsyvlak in Desember 1991 en 1,6 persent hoér as in Desember 1990.

Die *finansiële rand* was aanvanklik ná die uitslag van die referendum in Maart 1992 ook betreklik bestendig en die diskonto op die finansiële rand het van die einde van Maart 1992 tot 19 Junie 1992 tussen 14 en 22 persent gewissel. Die gebeure by Boipatong op 17 Junie, die opskorting van die onderhandelingsproses en die instelling van massa-aksies, het egter veroorsaak dat die finansiële rand skerp van R3,63 tot R4,07 per dollar op 9 Julie 1992 gedepresieer het. Vervolgens het die finansiële rand weer tot R3,72 per dollar op 31 Augustus en 'n diskonto van 26 persent geappresieer.

Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	31 Des '91 tot 31 Maart '92	31 Maart '92 tot 30 Junie '92	30 Junie '92 tot 31 Aug '92	31 Des '91 tot 31 Aug'92
Geweegde gemiddelde	-0,7	-0,4	-1,6	-2,7
VSA-dollar	-4,7	3,9	1,2	0,2
Britse pond	2,8	-5,2	-3,0	-5,5
Duitse mark	3,5	-3,9	-6,4	-6,9
Japanse yen	1,1	-2,0	-0,6	-1,5
Nederlandse gulden	3,4	-3,8	-6,4	-6,9
Italiaanse lira	3,1	-3,8	-5,3	-6,0
Finansiële rand	-9,7	-6,5	-0,9	-14,8

Finansiële markte

Geldvoorraad

Die groeikoerse oor twaalf maande van bykans al die monetêre totale het gedurende die eerste ses maande van 1992 aansienlik verlangsaam. Aan die begin van die jaar was hierdie koerse nog steeds deur die regulatoriese veranderings kragtens die Wet op Depositonemende Instellings beïnvloed, wat in Februarie 1991 van krag geword het. Toe hierdie invloed nie langer in die groeikoerse oor twaalf maande van hierdie totale weerspieël is nie, het die koers van toename in die omvattend gedefinieerde geldvoorraad (*M3*) van 14,4 persent in Januarie 1992 tot 10,6 persent in Februarie 1992 afgeneem; dit het daarna verder tot 7,5 persent in Junie teruggesak. Voorlopige ramings dui daarop dat die groeikoers van *M3* oor tydperke van twaalf maande in Julie 1992 weer tot 9,9 persent toegeneem het. Die dalende neiging in die groeikoers in *M3* gedurende die eerste helfte van 1992 word ook deur die groei in die kwartaallikse gemiddelde waarde van *M3* bevestig (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) wat van 8,5 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 7,0 persent in die tweede kwartaal van 1992 verminder het.

Die onbestendigheid in die maandelikse waardes van *M3* het soms veroorsaak dat hierdie totaal bô die boonste perk van die riglyngrens van 10 persent beweeg het. In die algemeen was die meeste groeikoerse egter ruim binne die riglyngrens en nader aan die onderste perk van 7 persent. Dit word duidelik aangetoon deur die koers

van toename in *M3*, soos gemeet vir riglyndoeleindes, van 7,7 persent (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers) van die vierde kwartaal van 1991 tot Junie 1992. Voorlopige ramings dui daarop dat hierdie koers in Julie 1992 weer tot 10,2 persent gestyg het.

Die koers van toename in die enger monetêre totale, met die uitsondering van *M1A*, het ook gedurende die eerste ses maande van 1992 'n dalende neiging getoon. Die koerse van toename in *M1* en *M2* oor tydperke van twaalf maande het onderskeidelik afwaarts van 14,8 persent en 16,1 persent in Desember 1991 tot 11,1 persent en 11,8 persent in Junie 1992 gewissel. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die ooreenstemmende groeikoers in *M1A* van 17,7 persent in Desember 1991 tot 18,7 persent in Junie 1992 toegeneem. Dit was hoofsaaklik deur 'n verskuiwing van langertermyndeposito's na tjeck- en transmissiedepositos veroorsaak, wat tot 'n toename in die relatiewe aandeel van tjeck- en transmissiedepositos tot totale binnelandse private sektor deposito's van 12,2 persent in Junie 1991 tot 14,2 persent in Junie 1992 aanleiding gegee het.


In 'n statistiese of rekeningkundige sin was die belangrikste teenhanger van die toename van R6,9 miljard in *M3* in die eerste helfte van 1992 'n toename van R5,0 miljard in die eise teen die private sektor. 'n Toename van R1,5 miljard in die netto goud- en ander buitelandse reserwes en 'n toename van R2,5 miljard in netto ander bates en laste is in 'n mate deur 'n afname van R2,1 miljard in die netto eise van die monetêre instellings teen die regeringsektor teengewerk.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die groeikoers oor twaalf maande in totale kredietverlening deur monetêre instellings aan die binnelandse private sektor het in die eerste helfte van 1992 voortgegaan om te daal. Hierdie koers van toename het van 14,5 persent in Desember 1991 en 15,6 persent in Januarie 1992 tot 10,8 persent in Februarie verlangsaam toe die invloed van die regulatoriese veranderinge onder die Wet op Depositonemende Instellings nie langer in hierdie groeikoers weerspieël is nie; dit het daarna afwaarts tot slegs 9,0 persent in Junie 1992 gewissel.

Die lae vraag na krediet wat met die traie ekonomiese toestande en die betreklik hoë koste van finansiering verband gehou het, word ook deur die kwartaallikse groeikoerse van kredietverlening weerspieël. Die kwartaallikse gemiddelde koers van toename (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers) in die eise van monetêre instellings teen die binnelandse private sektor het van 'n jongste hoogtepunt van 23,4 persent in die eerste kwartaal van 1991 tot 11,1 persent in die vierde kwartaal en selfs verder tot slegs 4,4 persent in die eerste kwartaal van 1992 teruggesak; dit het daarna in die tweede kwartaal weer tot 11,1 persent gestyg. Die groeikoers oor vier kwartale in die kwartaallikse gemiddelde waarde van kredietverlening deur monetêre instellings aan die binnelandse private sektor

Geldvoorraad



* Raming.

Reële primakoers en binnelandse kredietverlening



(seisoensaangesuiwerd) het soortgelyk van 17,6 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 10,1 persent in die tweede kwartaal van 1992 afgeneem. Hierdie onlangse laer groeikoerse in kredietverlening was egter ook te wye aan disintermediasie wat ontstaan het deur die vergroting van die marge tussen uitleen- en depositokoerse van monetêre instellings.

'n Ontleding van monetêre instellings se eise teen die binnelandse private sektor volgens die soort krediet verleen, toon dat die laer groei in kredietverlening hoofsaaklik aan 'n inkrimping in die groeikoerse van huurkoopkrediet en oortrokke rekeninge te wye is. Die koers van toename oor twaalf maande in huurkoopkrediet het van 'n reeds lae 6,7 persent in Desember 1991 tot slegs 2,2 en 1,3 persent onderskeidelik in Maart en Junie 1992 gedaal. Die koers van toename oor periodes van twaalf maande in "ander lenings en voorskotte" (hoofsaaklik oortrokke rekeninge) het op soortgelyke wyse van 12,6 persent in Desember 1991 tot 7,0 persent in Maart 1992 en slegs 0,2 persent in Junie 1992 teruggesak.

Die laer groei in hierdie soorte krediet was deels te wye aan 'n omskakeling na verbandvoorskotte en bruikhuurfinansiering vanweë die vergelykenderwys gunstige rentekoerse en kontantylhoeivoordele op hierdie soorte finansiering. Laer kapitaalvereistes teenoor verbandvoorskotte het depositonemende instellings ook aangemoedig om hierdie tipe kredietverlening te bevorder. Die groeikoers oor twaalf maande in verbandvoorskotte het gevvolglik van 14,7 persent in Desember 1990 tot 18,0 persent in Desember 1991


gestyg; 'n toename in huishoudings se voorsorgbesparings het daarmá waarskynlik veroorsaak dat hierdie groeikoers effens tot 17,2 persent in Junie 1992 teruggesak het. Die groei in bruikhuurfinansiering het egter veerkratig gebly en die koers van toename oor 'n tydperk van twaalf maande in hierdie grootheid het van 20,6 persent in Desember 1991 tot 24,4 en 23,3 persent in Maart en Junie 1992 gestyg.

Geldmarktoestande en Reserwebankoptrede in die geldmark

Toestande in die geldmark het in die eerste vier maande van 1992 bly verruum, maar het daarná merkbaar vernou. Die gemiddelde daaglikselikevlak van akkommodasie by die diskontovenster het van R1,2 miljard in Desember 1991 tot R1,0 miljard in April afgeneem, maar het skerp tot R1,5 miljard in Mei en tot R3,5 miljard in Julie 1992 gestyg; daarmá het dit weer tot R2,7 miljard in Augustus gedaal. Die bedrag aan akkommodasie op maandeindes het van R2,8 miljard in Desember 1991 tot R1,2 miljard in Februarie 1992 afgeneem, en daarná skerp tot R4,0 miljard in Julie gestyg; in Augustus 1992 het dit weer tot die vlak van R2,8 miljard teruggesak wat in Desember 1991 behaal is.

Die verandering in die geldmarktoestande word egter duideliker in die toename in die *geldmarklikwiditeit voor Reserwebankoptrede* weerspieël. Die gemiddelde daaglikselikevlak van likwiditeit in die geldmark voor Reserwebankoptrede het van 'n geldmarktekort van R0,7 miljard in Januarie 1992 tot 'n geldmarkoorskot van R1,4 miljard in April toegeneem, en daarná tot tekorte van

Akkommodasie by die diskontovenster



R3,3 miljard en R1,3 miljard in Julie en Augustus onderskeidelik teruggekeer. Die netto effek van ontonome invloede op geldmarktoestande (dit wil sê veranderings in banknote in omloop, regeringsdeposito's, goud- en buitelandse valutareserves en die finansiering van die Landbank) het 'n afname van R1,4 miljard in die geldmarktekort voor Reserwebankoptrede gedurende die eerste agt maande van 1992 tot gevolg gehad.

Die strammer toestande in die geldmark wat sedert Mei 1992 ondervind is, kon hoofsaaklik aan 'n skerp styging in *regeringsdeposito's* by die Reserwebank toegeskryf word. Die maandelikse gemiddeld van die daagliksaldo's op die Skatkis-, Betaalmeester-generaal- en Stabilisasierekening by die Reserwebank het van R10,9 miljard in April 1992 tot R15,6 miljard in Julie toegeneem. Indien die opbrengs uit die verkope van spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd uitgesluit word, het die vernouende invloed van die toename in hierdie deposito's van die einde van Maart 1992 tot die einde van Julie R7,3 miljard bedra. Hierdie skerp toename in *regeringsdeposito's* was hoofsaaklik die gevolg van ywerige verkope van staatseffekte gedurende hierdie periode. In Augustus 1992 het die *regeringsdeposito's* by die Reserwebank met R5,3 miljard afgeneem as gevolg van die oordrag van R3,8 miljard vanaf die Stabilisasierekening na die Goud- en buitelandse-valuta-gebeurlikheidsreserwerekening (met geen invloed op die likwiditeit in die geldmark nie) en die aflossing van staatseffekte ter waarde van R3,1 miljard.

Die strammer geldmarktoestande gedurende die eerste agt maande van 1992 is gedeeltelik deur 'n netto afname in die *note in omloop* en die verbetering in die algehele betalingsbalanspositisie teengewerk. Die note in omloop het met R0,6 miljard afgeneem en die verandering in die *netto goud- en buitelandse reserves* van die Reserwebank met 'n geldmarkinvloed het gedurende hierdie periode met R1,6 miljard gestyg. Sedert April het die Reserwebank en die Korporasie vir Openbare Deposito's *Landbankpromesses* ter waarde van R2,5 miljard gekoop wat gedurende die eerste agt maande van 1992 'n verdere netto toename van R1,0 miljard in geldmarklikwiditeit tot gevolg gehad het.


Reserwebankoptredes in die geldmark het gedurende die eerste sewe maande van 1992 hoofsaaklik uit buitelandse valutaruittransaksies met die belangrikste bankinstellings en die uitreiking van spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd bestaan. Die gesamentlike benutting van hierdie faciliteite het van 'n maksimum bedrag uitstaande van R1,8 miljard in Januarie 1992 tot R3,9 miljard in sowel Maart as April gestyg en daarna tot R1,9 miljard in Junie gedaal. Die Reserwebank het ook gedurende Junie sy eie spesiale wissels ten bedrae van R0,5 miljard uitgegee. Die addisionele kontantreserwevereiste van 1 persent van depositonemende instellings se korttermynverpligtinge teenoor die publiek (bykomend tot die bestaande 4 persent) het in Julie 1992 'n verdere R0,9 miljard uit die geldmark onttrek.

Die Reserwebank het ook in Julie transaksies onderneem om die stram toestande wat gedurende die maand ontstaan het, te verlig. Die Bank het depositonemende instellings toegelaat om spesiale buitelandse valutadeposito's ter waarde van R0,7 miljard by die Reserwebank te plaas en terugkoopoordeelkomste ter waarde van 'n maksimum uitstaande bedrag van R1,0 miljard is namens die Korporasie vir Openbare Deposito's aangegaan. Al hierdie ooreenkomste was teen 3 Augustus afgelos.

Netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het van R1,2 miljard in die eerste kwartaal van 1992 tot R10,3 miljard in die daaropvolgende vier maande, dit wil sê die eerste vier maande van die fiskale jaar 1992/93, gestyg. Die netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het in Augustus slegs R0,5 miljard bedra. Die Bank se transaksies in *opsies in staatseffekte* het ook van 'n maandelikse gemiddeld van R4,2 miljard in Januarie 1992 tot R7,1 miljard in Julie en R6,8 miljard in Augustus gestyg. Die maandelikse gemiddeld van hierdie transaksies het in die eerste agt maande van 1992 R5,2 miljard beloop teenoor R2,0 miljard in 1991.

Van 20 Maart 1992 tot 5 Junie 1992 het die Reserwebank ook bykomend tot die gewone *skatkiswissels* van drie maande, wissels met looptye van ses en nege maande met die weeklikse tender uitgereik. Die weeklikse aanbod van skatkiswissels van drie maande is van R200 miljoen tot R100 miljoen verminder en R100 miljoen van elk van die ander twee soorte wissels is uitgereik vir 'n totale bedrag van R300 miljoen per week. Sedert 5 Junie 1992 het die Bank slegs skatkiswissels

Geldmarktekort



van drie en ses maande tot 'n bedrag van R150 miljoen elk op die weeklikse tender uitgereik.

Geldmarkrentekoerse

Die geleidelike daling in geldmarkrentekoerse wat reeds vroeg in 1990 begin het, het in die eerste agt maande van 1992 versnel. Hierdie versnelling in die daling van die geldmarkkoerse was die gevolg van 'n laer vraag na fondse, en twee verlagings in Bankkoers van een persentasiepunt elk en verwagtings van 'n verdere verlaging van Bankkoers. Die dalende neiging van die korttermynrentekoerse word duidelik deur die koers op *likwiede bankaksepte van drie maande* weerspieël wat vinnig van 16,40 persent aan die einde van Desember 1991 tot 13,80 persent aan die einde van Junie 1992 en verder tot 12,50 persent aan die einde van Augustus gedaal het. Die koers op likwiede bankaksepte van drie maande het derhalwe in die eerste agt maande van 1992 met 3,90 persentasiepunte afgeneem. Aan die einde van Augustus was die koers op bankaksepte van drie maande 3,50 persentasiepunte laer as die Reserwebank se duidelike aanduiding van die mark se verwagting van 'n verdere verlaging in Bankkoers is. Die Reserwebank se

herverdiskonteringskoers op bankaksepte van drie maande het sedert Junie 1990, dit wil sê vir 'n tydperk van ses-en-twintig maande, aanhouwend die markkoers vir hierdie aksepte oorskry.

Die meeste ander geldmarkrentekoerse het ook gedurende die eerste agt maande van 1992 betreklik skerp gedaal. Die oorheersende koers op interbankdaggeld van verrekeningsbanke het byvoorbeeld van 16,00 persent aan die einde van 1991 met 2,50 persentasiepunte tot 13,50 persent aan die einde van Augustus 1992 gedaal. Die tenderkoers op skatkiswissels van drie maande het selfs skerper met 4,10 persentasiepunte van 16,13 tot 12,03 persent oor dieselfde tydperk gedaal.


Die primakoers op oortrekkings van depositonemende instellings het die veranderinge in Bankkoers gevolg en is met een persentasiepunt tot 19,25 op 1 April 1992 en tot 18,25 persent op 6 Julie 1992 verlaag. Die primakoers op oortrekkings van depositonemende instellings aangepas vir inflasie het gedurende die eerste sewe maande van 1992 rondom 3,5 persent gewissel indien dit met die huidige inflasiekoers in elke maand gedefleer word. Op die verwagte onderliggende inflasiekoers gebaseer, was die vlak van die reële primakoers op oortrekkings waarskynlik ietwat hoër.

Kapitaalmarkgebeure


Handelsbedrywigheid in die kapitaalmark het in die eerste agt maande van 1992 in baie gevalle min verband met die tempo van verandering in reële ekonomiese bedrywigheid getoon. Bedrywigheide het in die meeste van die kapitaalmarkte lewendig gebly en aandelepryse het nuwe rekordvlakke in Junie behaal. Politieke optredes, swakker-as-verwagte finansiële resultate van sommige maatskappye en dalings in die aandelepryse op internasionale markte het in Julie en Augustus gelei tot 'n betekenisvolle verlangsaming in aandelepryse, 'n skerp toename in effektepryse, algemeen voortgesette hoë vlakke van bedrywigheid en 'n aansienlike toename in die bedrywigheid in die afgeleide markte namate verwagtings begin verskil het.

Die waarde van die effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, wat in 1991 om 'n gemiddelde kwartaallikse bedrag van R62,3 miljard gewissel het, het in die eerste kwartaal van 1992 skerp tot R89,5 miljard en in die tweede kwartaal tot R112,3 miljard toegeneem. Die gemiddelde maandelikse bedrag van verhandelde effekte van die openbare sektor het vervolgens verder van R37,4 miljard in die tweede kwartaal van 1992 tot R74,2 miljard in Julie en Augustus gestyg. Die skerp toename in die handelsbedrywigheid in effekte van die openbare sektor gedurende die eerste agt maande van 1992 is hoofsaaklik deur die daling in rentekoerse veroorsaak namate langkoerse in samehang met kortkoerse afwaarts beweeg het. Koerse op effekte met 'n lang looptyd het bly daal omdat instellings hul posisies heraangepas het en effekte van die openbare sektor ten koste van aandele


Herdiskonterings- en markkoers vir likwiede bankaksepte van drie maande



Gaping tussen herdiskonterings- en markkoers vir likwiede bankaksepte



Effektebeurstransaksies



gekoop het. Die verskuiwing van aandele na effekte wat in die eerste kwartaal begin het, het sy momentum gedurende die tweede kwartaal behou ten spyte van 'n kortstondige herstel in die aandelemark.

Netto aankope van die effekte van die openbare sektor deur nie-inwoners het van R616 miljoen in die vierde kwartaal van 1991 tot R823 miljoen in die eerste kwartaal van 1992 toegeneem, en daarna tot R253 miljoen in die tweede kwartaal van 1992 teruggesak. In Julie 1992 het die verkoop van die effekte van die openbare sektor deur nie-inwoners die aankope vir die eerste keer sedert September 1988 met 'n bedrag van R77 miljoen oorskry. Nie-inwoners se netto verkoop van aandele het van R1 134 miljoen in die vierde kwartaal van 1991 tot R695 miljoen en R413 miljoen in die eerste en tweede kwartaal van 1992 gekrimp. Die aansienlik swakker finansiële rand het nie-inwoners se aankope van aandele daarna opgestoot, wat tot netto aankope van R124 miljoen in Julie 1992 aanleiding gegee het.

Nadat dit van R4,9 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot R5,5 miljard in die eerste kwartaal van 1992 toegeneem het, het die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, in die tweede kwartaal tot R5,0 miljard teruggesak. Handelsbedrywigheid het in Julie en Augustus 1992 aanmerklik toegeneem toe die gemiddelde maandelikse waarde van aandele verhandel tot R2,1 miljard gestyg het; in die tweede kwartaal van 1992 het die maandelikse gemiddelde R1,7 miljard beloop. Institusionele beleggers het aangehou om die handelsbedrywigheid in aandele te oorheers, maar markbedrywigheid het verdere stukrag


verkry as gevolg van die wysiging van die Wet op Beheer van Effektebeurse in Julie 1992 wat nou daalverkope toelaat teen die verkoopprys wat laaste aangeteken is.

Vanweë stygings in die *aandelepryse* van al die hoofkategorieë van aandele, met die uitsondering van goudmynaandele, het die gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele van Desember 1991 tot Junie 1992 met 5,1 persent toegeneem. Die aandelepryse van goudmyne het gedurende hierdie periode as gevolg van 'n laer goudprys en toenemende besorgdheid oor die winsgewendheid van hierdie myne met 11,7 persent afgeneem. In Julie en Augustus 1992 het negatiewe sentiment in die aandelemark posgevat namate massa-optrede op die politieke front, 'n skielike huiwering in sommige van die vernaamste internasionale effektebeurse en 'n vervanging van aandele met vaste-rentedraende effekte, aandelepryse afgedruk het. Die gemiddelde maandelikse vlak van alle klasse aandele het gevoldlik met 13,3 persent in hierdie twee maande gedaal.

Netto nuwe lenings deur die *openbare sektor* deur middel van die *uitreiking van vaste-rentedraende effekte* het in die vierde kwartaal van 1991 'n hoogtepunt van R4,9 miljard bereik, tot R0,5 miljard in die eerste kwartaal van 1992 teruggesak en toe aansienlik tot R11,3 miljard in die tweede kwartaal gestyg. Hierdie hoë vlak van netto nuwe uitgiftes in die eerste kwartaal van die nuwe fiskale jaar is grotendeels deur die gunstige leningsklimaat in die mark moontlik gemaak.

Die waarde van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte (insluitende omskepbare voorkeur-

Aandelepryse



aandele en skuldbriewe) en gewone aandele van genoteerde maatskappye in die private sektor het van R1,4 miljard in die tweede helfte van 1991 tot R2,2 miljard in die eerste helfte van 1992 gestyg. Insgelyks het die waarde van nuwe uitgiftes van gewone aandele deur genoteerde maatskappye in die private sektor van R3,7 miljard in die tweede helfte van 1991 tot R4,3 miljard in die eerste helfte van 1992 toegeneem. Sowel nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte as gewone aandele het in Julie tot aansienlik laer vlakke beweeg.


In die verbandmark het die gemiddelde bedrag aan verbandvoorskotte wat deur depositonemende instellings en onderlinge bouverenigings uitbetaal is, gedurende die eerste ses maande van 1992 R2,5 miljard per maand bedra, wat effens hoër is as in die voorafgaande jaar. Die meeste depositonemende instellings het gedurende 1992 begin om buigsame verbandfasiliteite aan te bied en het gerekenariseerde werkmetodes ingestel om die afhandeling van verbandgoedkeurings te bespoedig. Dit het goedgekeurde kliënte in staat gestel om toegang tot goedkoper finansiering te verkry wat nie noodwendig uitsluitlik vir die verkryging van vaste eiendom geoormerk was nie, en gevoglik is die verwantskap tussen 'n toename in finansiële instellings se besit aan verbandlenings en 'n toename in die waarde van transaksies in vaste eiendom versteur.

In teenstelling met die toename in verbandvoorskotte, het die waarde van *transaksies in vaste eiendom* van 'n kwartaallikse gemiddelde van R7,3 miljard in 1991 tot R7,1 miljard en R6,1 miljard in die eerste twee kwartale van 1992 gekrimp. Die aantal transaksies in vaste eiendom het in die eerste helfte van 1992 met 17,2 persent teruggesak, terwyl die gemiddelde waarde per eiendomtransaksie met 8,9 persent tot R133 000 toegeneem het.

Die waarde van transaksies in *termynkontrakte* het van 'n betreklik lae R5,0 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot R9,1 miljard en R10,2 miljard in onderskeidelik die eerste en tweede kwartaal van 1992 toegeneem. In Julie 1992 is 'n rekord maandelikse hoogtepunt van R5,6 miljard vir transaksies in termynkontrakte aangeteken as gevolg van 'n verswakking in aandelepryse en die onsekerheid wat vanweé politieke optredes ontstaan het; hierdie hoë vlak van bedrywigheid het slegs matig tot R5,1 miljard in Augustus afgeneem. Kontrakte in aandeelindekse het 85,1 persent van die totale waarde van termynkontrakte gedurende die eerste agt maande van 1992 uitgemaak. Die waarde van merk-tot-mark vir alle kontrakte in termynindekse vir Junie, September en Desember 1992 was vanaf die middel van Mei 1992, die grootste deel van Junie, sowel as die laaste twee weke van Julie laer as die Johannesburgse Effektebeurs se kontantprys – wat op 'n daalmark du.

Nadat die Johannesburgse Effektebeurs se *Verhandelbare Opsiemark* op 24 Januarie 1992 in werking gekom het, was bedrywighede aanvanklik lewendig maar het daarna toenemend van Maart tot Mei verswak: die 395 kontrakte met 'n onderliggende waarde

Termynbeurstransaksies




van R3,6 miljoen in Februarie 1992 het tot 70 kontrakte met 'n onderliggende waarde van slegs R0,7 miljoen in Mei afgeneem. In die daaropvolgende maand is geen opsies verhandel nie, maar in Julie het die groter onbestendigheid in die onderliggende aandelemark en die notering van die Genkor-opsie hernieuwe belangstelling in die Verhandelbare Opsiemark gewek en 1 503 kontrakte met 'n onderliggende waarde van R6,1 miljoen tot gevoglik gehad. In die effektemark is effekte-opsies in Julie 1992 op groot skaal verhandel omdat die toename in die bedrywigheid in die onderliggende mark en die gepaardgaande verandering in opbrengskoerse uiteenlopende verwagtings aangaande toekomstige veranderinge tot gevoglik gehad het.


Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Die gemiddelde maandelikse *opbrengskoers op langtermynstaatseffekte* het geleidelik van 'n hoogtepunt van 17,2 persent in Oktober 1991 tot 16,9 persent in Februarie 1992 verlangsaam, en toe vinniger tot 15,3 persent in Julie en tot 14,4 persent in Augustus 1992 gedaal. Die afname in langkoerse in die eerste agt maande van 1992 weerspieël die verlangsaming in die kortkoerse as gevolg van die toename in marklikwiditeit, verwagte laer inflasiekoerse, 'n swakker-as-verwagte reële ekonomie en die verlaging van die Bankkoers. Kommer oor die aandelemark en die aansienlike institusionele aankope van effekte het ook tot die daling in langkoerse bygedra. Die gemiddelde maandelikse *reële opbrengskoers op staatseffekte* het van 0,9 persent in Februarie 1992 na slegs 0,6 persent in Julie verlangsaam.

Kapitaalmarkopbrengskoerse



Marge tussen prima-oortrekkingskoers en koers op vaste deposito's van twaalf maande



Die depositonemende instellings se oorheersende koers op huisverbandlenings is geleidelik gedurende die eerste agt maande van 1992 op grond van verwagte verlagings in die Bankkoers verminder. Hierdie verbandkoers is aanvanklik vanaf 2 Maart 1992 met 1,0 persentasiepunt tot 19,0 persent verlaag en later met ingang 1 Julie 1992 met 'n verdere 1,0 persentasiepunt. In Augustus het depositonemende instellings 'n verdere verlaging in hul oorheersende koers op huisverbandlenings tot 17,25 persent vanaf 1 September 1992 aangekondig. Dit het geriflike marges en 'n verwagte verdere verlaging in die Bankkoers weerspieël.

Die depositonemende instellings het ook gedurende die eerste agt maande van 1992 hul koerse op langertermyndeposito's verder verlaag. Nadat depositonemende instellings hul rentekoers op deposito's van twaalf maande van 'n hoogtepunt van 16,5 persent in Maart 1991 tot 15,5 persent in Oktober 1991 verlaag het, het hulle hierdie koers, in navolging van die verlaging in die Bankkoers op 23 Maart 1992, in April 1992 verder met 1,0 persentasiepunt verlaag. Hierdie koers is daarmá in Junie 1992 tot 14,0 persent en in Julie tot 13,5 persent verminder. In die lig van die feit dat uitleenkoerse nie in dieselfde mate afgeneem het nie, het die marge tussen die rentekoers op deposito's van twaalf maande en die oorheersende primakoers op oortrekks van verrekeningsbankie van 4,75 persentasiepunte in Januarie 1992 tot 5,25 persentasiepunte in Junie vergroot alvorens dit weer tot 4,75 persentasiepunte in Augustus 1992 vernou het. Die rentekoers op deposito's van twaalf maande het in Julie 1992 'n negatiewe voor-

belaste reële opbrengs van 0,99 persent aan deposante gelewer.

Laer dividende van 'n groot aantal maatskappye en die hoë vlak van aandelepryse het die dividendopbrengskoers op alle klasse aandele van 3,36 persent in April 1992 tot 3,15 persent in Junie verlaag. Die verdiensteopbrengskoers op alle klasse genoteerde aandele (uitgesonderd goudmynaandele) het ook van 7,83 persent tot 7,28 persent oor dieselfde tydperk afgeneem. In Augustus het die dividendopbrengskoers op alle klasse aandele tot 3,58 persent en die verdienste-opbrengskoers tot 8,12 persent verstewig as gevolg van die daling in die gemiddelde aandelepryse.

Nadat dit sedert 27 Julie 1990 onveranderd gebly het, is die maksimum toelaatbare koers op finansieringskoste soos dit deur die Woekerkwet vasgestel word, met ingang 29 Mei 1992 van 29 persent tot 28 persent verlaag in die geval van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 (maar nie meer as R500 000 nie), en van 32 na 31 persent in die geval van bedrae tot en met R6 000.

Openbare finansies

Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die *leningsbehoefte van die openbare sektor* (dit is die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde Sentrale Regering, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede en die nie-finansiële openbare ondernemings en openbare korporasies) het in die Junie-kwartaal van 1992 (die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93) R5,7 miljard bedra; in die ooreenstemmende kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 was die leningsbehoefte van die openbare sektor groter teen R6,1 miljard. Hierdie leningsbehoefte as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk was gelyk aan 7 persent in die Junie-kwartaal van 1992, vergeleke met 8½ persent in die ooreenstemmende kwartaal van 1991 en 5½ persent vir die fiskale jaar 1991/92 in geheel.

Besnoeiings en ander rasionalisasieprogramme deur die *nie-finansiële openbare ondernemings* het geleid tot 'n ommeswaai in hulle leningsbehoefte van 'n tekort van R1,2 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 tot 'n klein surplus van R0,7 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93. Die leningsbehoefte van die *algemene owerheid* (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde Sentrale Regering, provinsiale

administrasies en plaaslike owerhede) het egter R6,3 miljard (8 persent van die bruto binnelandse produk) in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 bedra; dit was aansienlik hoër as die tekort van R5,0 miljard (7,0 persent van die bruto binnelandse produk) in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1991/92.


Soos in die bygaande grafiek aangetoon word, is 'n hoë leningsbehoefte van die openbare sektor in die eerste kwartaal van 'n fiskale jaar 'n normale seisoenale eienskap van algemene owerheidsfinansies. In vergelyking met die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 was al die vlakke van die algemene owerheid, met die opmerklike uitsondering van plaaslike owerhede, vir die stygging in die leningsbehoefte van die algemene owerheid in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 verantwoordelik. Die tekort voor lenings van die Hoofbegroting het van R6,6 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 tot R7,7 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 toegeneem, terwyl die oorskotte van die Buitebegrotingsinstellings (insluitende die TBVC-lande en selfregerende state) en die provinsiale administrasies wat vir lenings aan ander sektore beskikbaar was, van R2,4 miljard tot R1,9 miljard oor dieselfde periode afgeneem het. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, was die tekort voor lenings van plaaslike owerhede in die Junie-kwartaal van 1992 gelyk aan R0,6 miljard, vergeleke met R0,9 miljard in die ooreenstemmende kwartaal van 1991.

Die toename in die leningsbehoefte van die algemene owerheid was te wyte aan die feit dat die koers van toename in die besteding van die algemene owerheid betekenisvol hoër was as die koers van toename in die inkomste van die algemene owerheid. Die besteding van die algemene owerheid het van R24,1 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 tot R27,4 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 gestyg, of teen 'n koers van 13,6 persent; die inkomste van die algemene owerheid het oor dieselfde periode van R19,6 miljard tot R21,6 miljard, of met 10,2 persent gestyg. In die besonder het lopende besteding vanaf die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 tot die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 met 17 persent gestyg, maar hierdie toename was deels deur 'n matige inkrimping in kapitaalbesteding teengewerp. Die betreklik lae koers van toename in die inkomste van die algemene owerheid kan hoofsaaklik aan die lae koers van toename in die belasting-invordering deur die Sentrale Regering toegeskryf word.


Skatkisrekening

Die skerp toename in algemene owerheidsbesteding het hoofsaaklik in die besteding van die Skatkisrekening plaasgevind. In die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 het die koers van toename van jaar tot jaar in skatkisuitreikings (ná die gebruiklike aansuiwerings vir veranderings in die saldo op die Betaalmeeester-generaalrekening) 13,0 persent bedra. Indien besteding gedurende Julie 1992 ook in berekening gebring word,


Algemene owerheid: Leningsbehoeftes



Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente



Begrote en werklike skatkisontvangste



was hierdie koers van toename effens hoër teen 14,5 persent. Hoewel hierdie koers van toename in skatkisuitreikings die toename in skatkisontvangste oorskry het, was dit nogtans bétreklik laag in vergelyking met ooreenstemmende toenames in voorafgaande jare en ruim binne die toename wat vir 1992/93 begroot is: die gemiddelde koers van toename van jaar tot jaar in die ooreenstemmende tydperk vir die voorafgaande vyf fiskale jare was gelyk aan 16,2 persent, terwyl besteding begroot is om met 16,5 persent vir die fiskale jaar 1992/93 in geheel te styg.

Die koers van toename van jaar tot jaar in skatkisontvangste (uitgesluit die opbrengs uit privatisering) wat van 16,5 persent in die derde kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 tot 8,3 persent in die finale kwartaal verlangsaam het, het in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 met slegs 8,9 persent gestyg. In Julie 1992 was inkomste ingevorder selfs nog laer, met die gevolg dat die koers van toename oor twaalf maande tot 4,9 persent afgeneem het. Hierdie koers van toename was wesenlik laer as die toename van 15,7 persent wat vir die fiskale jaar 1992/93 begroot is en laer as die gemiddelde toename van jaar tot jaar van 18,5 persent vir die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande vyf fiskale jare.

Die tekort in skatkisontvangste was in 'n groot mate die gevolg van die afwaartse beweging in ekonomiese bedrywigheid wat erger geword en langer geduur het as wat ten tye van die indiening van die Begroting in Maart 1992 voorsien is. Dit word duidelik weerspieël in die opbrengs op belasting op toegevoegde waarde vir die

eerste vier maande van die fiskale jaar 1992/93, wat nie minder nie as 22,0 persent laer was as die opbrengs uit algemene verkoopsbelasting in die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar. Die opbrengs uit inkomstebelasting in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1992/93 het ook teen 'n aansienlike laer koers gestyg as waarvor begroot is. Inkomste uit doeane- en aksynsregte het egter teen 'n heelwat hoër koers gestyg as die bedrag wat vir die volle fiskale jaar begroot is, hoofsaaklik as gevolg van die hoér-as-verwagte ontvangste uit die brandstofheffing.

Persentasietoename in die staatsinkomste

	Begrote toename in fiskale jaar 1992/93	Werklike toename in eerste vier maande van 1992/93
Skatkisontvangste	15,7	4,9
Doeane- en aksynsreg	28,4	51,0
Binnelandse inkomste	14,0	-1,1
Inkomstebelasting	16,7	4,8
Belasting op toegevoegde waarde	9,9	-22,0

Die tekort op die Skatkisrekening voor lenings en skuldaflossing het in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1992/93 R8 449 miljoen beloop, of omtrent


53,0 persent van die tekort wat vir die fiskale jaar in geheel begroot is. Die tekort vir die ooreenstemmende periode van die fiskale jaar 1991/92 was gelykstaande aan 55 persent van die begrote tekort vir daardie jaar. Die tekort van R8 449 miljoen, plus die diskonto van R1 867 miljoen op die uitreiking van nuwe staatseffekte, is gefinansier uit fondse verkry van:

	R miljoen
Openbare Beleggingskommissarisie	5 437
Nie-monetäre private sektor	9 450
Monetäre instellings	-5 535
Korporasie vir Openbare Deposito's.....	182
Ander monetäre instellings.....	-5 717
Buitelandse sektor	964
Totale bruto finansiering	10 316
<i>Min:</i> Diskonto	186
Totale netto finansiering	8 449

Die volgende skuldinstrumente is in die finansiering van die skatkistekort gebruik:

	R miljoen
Staatseffekte (insluitende diskonto)	14 022
Skatkiswissels	2 671
Buitelandse lenings	879
Nie-bemarkbare sekuriteite	8
Toename in beskikbare kontantsaldo's	-7 264
Totale finansiering van die skatkistekort	10 316
<i>Min:</i> Diskonto	1 867
Totale netto finansiering	8 449

Tekort voor lenings



Nuwe staatseffekte wat ter finansiering van die staat se tekort uitgereik is, het in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1992/93 R14 901 miljoen beloop, waarvan R879 miljoen op die internasionale kapitaalmark en R14 022 miljoen binnelands ingesamel is. Dit verteenwoordig 80,6 persent van die staat se totale finansieringsbehoefte van R18 495 miljoen wat vir die fiskale jaar 1992/93 begroot is. Die groot deel van die fiskale tekort is in die eerste vier maande van die huidige fiskale jaar gefinansier omdat omstandighede die verkoop van nuwe staatseffekte op hierdie stadium begunstig het.

Opmerkings oor tabelle

Die Reserwebank poog om in die statistiese tabelle van die *Kwartaalblad* die gegewens op 'n duidelike en leersame wyse beskikbaar te stel, om gebruikers te help om van die samehang en onderlinge verwantskap van die ekonomiese totale bewus te bly. Moeite word gedoen om van tyd tot tyd die toepaslikheid van statistiese inligting te bepaal en om te verseker dat dit voldoen aan die standaarde en norme wat deur internasionale statistiese liggame neergelê word. Dit is eweneens belangrik om te verseker dat die formaat waarin die inligting weergegee word die gebruiker in staat stel om groter begrip te kry van die definisies en identiteite wat onderliggend is aan heelwat van die statistiese gegewens. Die statistiese tabelle wat in hierdie *Kwartaalblad* gepubliseer word, is met inagneming van hierdie beginsels heelwat hersien. Veranderings is in die meeste gevalle aangebring om bykomende inligting vry te stel wat vir gebruikers van moontlike nut sal wees, of om die statistiese reekse op so 'n wyse te herorganiseer dat vir standaard rekeningkundige beginsels voorsiening gemaak word, of om ekonomiese definisies te verduidelik.

Geld- en bankwese

Tabel S-13: Hierdie is 'n nuwe byvoeging waarin onlangs gepubliseerde asook nuwe gegewens van kredietkaart-, tjeke- en elektroniese transaksies by depositonemende instellings aangetoon word.

Tabel S-14: Hierdie tabel oor die besit van likwiede bates deur die depositonemende instellings is uitgebrei om die werklike besit van die verskillende soorte likwiede bates weer te gee.

Tabel S-15: Die bates en laste van die Posspaarbank word in hierdie tabel saam met die bates en laste van die onderlinge bouverenigings aangetoon.

Tabel S-16: Die maandelikse laste van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika word in hierdie tabel gerapporteer.

Kapitaalmark

Tabel S-27: Hierdie tabel is hersien om meer toepaslike gegewens oor langtermynrentekoerse in te sluit.

Tabel S-28: Hierdie nuwe tabel bevat gegewens oor die bedrywighede op die kapitaalmark wat gewoonlik gebruik word om ontwikkelings in die kapitaalmark in die *Kwartaalbladoorsigte* te beskryf, maar wat tot nou toe nie op hierdie wyse gepubliseer is nie.

Tabel S-36, S-39 en S-40: Inkomstestate van die langtermynversekeraars en pensioenfondse in hierdie nuwe tabelle toon die kontantvloei van hierdie instellings sowel as die kontraktele besparing deur huishoudings by hierdie instellings.

Tabel S-37 en S-41: Die laste van langtermynversekeraars en die bates en laste van amptelike pensioen- en voorsorgfondse is uitgebrei om meer omvattende en toepaslike gegewens in te sluit.

Openbare finansies

Tabel S-48 en S-49: Gegewens wat vroeër oor die Staatsinkomstefonds gepubliseer is, word in hierdie tabelle met gegewens oor die finansies van die administrasie vir algemene sake vervang. Hierdie nuwe inligting is op 'n grondslag wat vergelykbaar is met die inligting wat in die jaarlikse Begroting van die Sentrale Regering gepubliseer word.

Tabel S-50 en S-51: Hierdie tabelle stel 'n meer betekenisvolle ontleding van die Skatkisrekening voor as die een wat vroeër gepubliseer is.

Tabel S-52 en S-53: Inligting oor die skuld van die Sentrale Regering is hier herraanskik en die uitstaande saldo op die Goud-en-buitelandse-valuta-gebeurlikhedsreserwerekening word by die staatskuld ingesluit. Gegewens oor die bedrae van finansiële waarborgs deur die owerheid ten opsigte van lenings en voorskotte aangegaan deur ander instellings en streeksregerings word ook hier verstrek.

Tabel S-59 tot S-69: Hierdie tabelle bevat gegewens oor die rekeninge van die openbare sektor op 'n jaarlikse en kwartaallikse grondslag. 'n Beskrywing van die definisies, beginsels en riglyne wat in die samestelling van hierdie inligting toegepas is, is in die Reserwebank se "Geleenthedspublikasie", nr 4 van Julie 1991 gepubliseer.

Internasionale ekonomiese verhoudinge

Tabel S-75: Die poste "takke" en "filiale" onder regstreekse belegging is vervang met poste vir "aandelekapitaal" en "ander regstreekse belegging".

Tabel S-77: Die buitelandse korttermynverpligtinge van die monetêre sektor sluit nou ook die buitelandse verpligtinge van die Korporasie vir Openbare Deposito's in.

Tabel S-87: Nuwe tydreekse oor die wisselkoerse van die rand teenoor die Botswana pula, EGE, STR en die Nuwe Taiwanese dollar is in hierdie tabel bygevoeg.

Tabel S-88: Nuwe tydreekse oor die gemiddelde termynwisselkoerse van drie maande word nou ingesluit.

Nasionale rekening

Tabel S-89: Gegewens wat in drie afsonderlike tabelle in vorige uitgawes van die *Kwartaalblad* gepubliseer is, word in hierdie tabel saamgevat. Dit bied 'n opsomming van jaarlikse gegewens van die bruto binnelandse inkome- en uitgawerekenings en verduidelik die onderliggende verwantskappe tussen nasionale rekeningkundige totale.

Tabel S-91: 'n Nuwe tabel wat 'n verdeling volgens sektore van die jongste kwartaallikse ramings van die bruto binnelandse produk bied.

Tabel S-98: Die klassifikasie van die bruto binnelandse vaste investering is uitgebrei om 'n "funksionele verdeling" van die vaste investering deur die openbare sektor in te sluit.

Tabel S-109: 'n Nuwe tabel wat inligting oor die nasionale beskikbare inkomme en die verdeling daarvan verstrek.

Tabel S-112: 'n Tydreeks oor die "vergoeding van werknemers van die algemene owerheid" is in hierdie tabel ingesluit.

Algemene ekonomiese aanwysers

Tabel S-114: Die reeks oor die geregistreerde getal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs en die werklose Swartes is vervang met 'n reeks oor die totale getal geregistreerde werklose mense in alle bevolkingsgroepe. Daarbenewens is 'n reeks oor die reële arbeidskoste per fisiese eenheid van produksie ook ingesluit.

Tabel S-115: Indekse oor die produktiwiteit van werkers in die fabriekswese en die nominale en reële arbeidseenheidskoste van die fabriekswese is in hierdie tabel bygevoeg.

Tabel S-117: Die tabel oor die saamgestelde konjunkturaanwysers is gewysig ten einde indekse in plaas van persentasieveranderings te toon.

Tabel S-118: 'n Kolom onder die opskrif "ander goedere" is bygevoeg om te verseker dat die volle stel gewigte van die verbruikersprysindeks getoon word.

Kerngegewens

Tabel S-121: 'n Nuwe tabel wat inligting oor die persentasieveranderings van sekere belangrike veranderlikes ten opsigte van die kapitaalmark bevat.

Tabel S-122 en S-123: Twee nuwe tabelle met kerngegewens oor die staatsfinansies.

Tabel S-124: Reekse oor die aantal maande se invoer van goedere en dienste wat deur die land se buitelandse reserwes gedek word en oor die invoerpenetrasieverhouding (die verhouding van die reële goedere-invoer tot die reële bruto binneilandse besteding) word in hierdie tabel ingesluit.

Tabel S-125: Gegewens oor die konjunkturfases in Suid-Afrika sedert 1945 word in hierdie tabel verstrek.

Tabel S-126 tot S-128: Hierdie tabelle is uitgebrei om ramings van die waarde van etlike belangrike nasionale rekeningkundige totale per hoof van die bevolking in te sluit. Verhoudings van die belangrikste nasionale rekeningkundige totale tot die bruto binnelandse produk word nou bereken deur 'n raming van die totale teen heersende prys te gebruik in plaas van konstante prys.

Tabel S-129: 'n Nuwe tabel met gegewens oor die persentasieveranderings in die saamgestelde konjunkturaanwysers van Suid-Afrika en sy vernaamste handelsvennootlande.

Tabel S-130: 'n Nuwe tabel met gegewens oor die

persentasieveranderings in werkverskaffing deur die sektore buite die landbou, vergoeding per werker, arbeidsproduktiwiteit en arbeidseenheidskoste. Die tabel met inligting oor die persentasieveranderings van die prysindekse is hersien om veranderings oor tydperke van twaalf maande en kwartaallikse veranderings te toon.